

28 JULIE 2019



# 3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

## saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

<sup>23</sup>"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

## saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Hosea is een van die bekende profete van die Noordryk. Ons weet egter maar min van Hosea af. Hosea 1:1 deel ons mee dat hy die seun van ene Beëri was en daarna word sy naam slegs weer vermeld in 1:2-3. Tog kan 'n klompie besonderhede van Hosea se tyd en werk vasgestel word. Behalwe vir die feit dat sy taalgebruik besondere kenmerke van 'n streekstaal vertoon, rig hy sy boodskap grootliks tot Efraim (= Israel = Noordryk) en noem hy die hoofstad, Samaria en die heiligdomme, Bet-El en Gilgal by name. Hosea tree op in die tyd toe Ussia, Jotam, Agas en Hiskia die konings van Juda en Jerobeam II, die seun van Joas, die koning van die Noordryk was en dit was besonder voorspoedige jare. Besonderhede oor Hosea se persoonlike lewe vind ons in die twee verhalende gedeeltes wat oor sy huwelik(e) handel. Hosea se loopbaan het waarskynlik omtrent 'n kwarteeu, vanaf 750 vC tot naby die einde van die Noordryk in 722 vC geduur. Lees nou Hosea 1:2-10 aandagtig deur.

## saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Formuleer julle eie sensasiewekkende koerantopskrifte na aanleiding van die skokkende opdrag wat die profeet in Hosea 1 ontvang.
2. God wil deur die profeet praat om by die volk op 'n metaforiese manier tuis te bring waarmee hulle besig is. Hosea moes Israel sy ontrou aan die Here nie net aan die

nouts  
praktiese wysheid...

kaak stel nie, maar hy moes dit ook "beliggaam" en "verlyflik". Die volk se afvalligheid aan die Here word hier in verband gebring met ontrouheid in die huwelik – "hoerery" staan daar letterlik. Huweliksliefde is eksklusief en jaloers. Die Here wil Israel nie met enige ander godheid deel nie. God se liefde vereis onverdeelde trou. Lys al die pynlike emosies van teleurstelling, skok en ontsteltenis wat met ontrouheid gepaardgaan by die lees hiervan.

3. Watter beeld van God kry ons hier wanneer ons lees van die name en die betekenis daarvan van Gomer en Hosea se drie kinders se name? [Oor die agtergrond van die naam Jisreël (= dit beteken "die Here saai"), lees oor die optrede van Jehu 2 Kon. 9-10. Die laaste twee kinders se name begin altyd met "nie" – die sterkste vorm van verwerping, afwysing en afkeur denkbaar.]
4. Dink saam na oor die redes waarom selfs Jesus-volgelingen vandag ontrou is aan die Here Jesus. Kan julle aan 'n ander metafoer dink om hierdie soort ontrou aan die Here Jesus aan te spreek?
5. Ps. 30:6 – "Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenstank." Hos.1 eindig nie met oordeel nie, maar met God se genade. Verwoord dit.

## saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om reg en geregtigheid te beoefen.** Met hierdie geloofsgewoonte leef ons die liefde van Jesus só konkreet uit dat ons daarop uit is om ander se belange bó ons eie te stel, ander se voordeel, hulle veiligheid en menswaardigheid op so 'n wyse na te jaag dat hulle te alle tye billik en regverdig behandel word, al vra dit van ons om onbillike behandeling en onreg van die verlede reg te stel en selfs daarvoor te ly. Lees hieroor in Amos 5:14-15, 24; Heb. 13:3; Jak. 1:27-2:1; 2:8-9.

Doen-dinge:

1. Gaan op 'n kort-termyn uitreikaksie in jou onmiddellike omgewing en raak bewus van die verskillende gesigte wat die nood daar reg rondom jou het.
  2. Raak betrokke by organisasies wat hulle beywer om byvoorbeeld kos en klere, behuising en nagskuiltings vir haweloses te voorsien of wat werk soek vir werkloses. Stel jousef as vrywilliger by so 'n organisasie beskikbaar.
  3. Begin doelbewus te bid vir vrede, geregtigheid en billike behandeling van alle mense, asook die skep van gelyke geleenthede aan almal om as mens te kan leef.
- Dink-dinge:
1. Dink jy ooit na oor onreg en onbillikheid? Pla dit jou? Waarom? Waarom nie?
  2. Oorweeg dit om jousef en jou tyd te gee vir dienswerk onder armes, noodlydendes en agtergeblewenes.
  3. Dink na oor 'n tyd of geleentheid toe jy onregverdig behandel is.

### 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

### 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

### 1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.